# Kampkrummels

*Nuusblad van Streek Kiepersol van SAWA* *Jaargang 32, No 2* *Desember 2014*

## Kostes van verskillende oorde met verskillende afstande

**André Baker**

Die tabel hiernaas gee vir ons 'n aanduiding van wat dit gemiddeld sal kos na verskillende oorde met verskillende afstande.

Soos julle kan sien in die tabel is daar 'n verband tussen naby kamp met 'n hoër tarief en 'n vêr kamp met goedkoper kamp tarief. 'n Goeie voorbeeld is die tussen Marula en Klein Paradys Brits waar Marula se kamp tarief goedkoop is maar tolgeld en brandstof meer is.

Uit die tabel kan ons sien dat as ons meer as 200 Km sleep, al is die kamp tarief minder is die brandstof prys 'n groot faktor en kan ons as ons nader kamp, by duurder kampe kamp vir dieselfde of minder koste.

Ons het in die tabel 'n gemiddeld van 7 Km/ lieter en R12,60/lieter vir die prys van brandstof gebruik. As ons AA tariewe so gebruik sal dit nog duurder wees om by vêr kampe te kamp.

| **Klein Paradys - Nylstroom** | **Km** | **Liters** | **Rand** |
|---|---|---|---|
| 7 km /Lt. | 298 | 42,57 | R 536,40 |
| Tol Geld | | | R 143,86 |
| Kamp geld | | | R 450,00 |
| Totaal | | | R 1 130,26 |
| **Klein Paradys - Brits** | **Km** | **Liters** | **Rand** |
| 7 km /Lt. | 160 | 22.857 | R 288,00 |
| Tol Geld | | | R 23,00 |
| Kamp geld | | | R 510,00 |
| Totaal | | | R 821,00 |
| **Marula** | **Km** | **Liters** | **Rand** |
| 7 km /Lt. | 268 | 38,29 | R 482,40 |
| Tol Geld | | | R 124,86 |
| Kamp geld | | | R 260,00 |
| Totaal | | | R 867,26 |
| **Diamante** | **Km** | **Liters** | **Rand** |
| 7 km /Lt. | 120 | 17,14 | R 216,00 |
| Tol Geld | | | R 17,00 |
| Kamp geld | | | R 320,00 |
| Totaal | | | R 553,00 |
| **Silver Rocks** | **Km** | **Liters** | **Rand** |
| 7 km /Lt. | 294 | 42,00 | R 529,20 |
| Tol Geld | | | R 124,86 |
| Kamp geld | | | R 240,00 |
| Totaal | | | R 894,06 |
| **Drie Berge** | **Km** | **Liters** | **Rand** |
| 7 km /Lt. | 144 | 20,57 | R 259,20 |
| Tolgeld | | | R 23,00 |
| Kamp geld | | | R 550,00 |
| Totaal | | | R 832,20 |

## Lees binne . . .

Oordenking 2
Voorsitter sê 3
Redakteur sê 3
Saamtrekke 2015 4
Lekker Kampnuus 4, 5, 8
Senior Burgers 5
Fotoalbum 6 - 7
SAWA Tieners 9
Verjaardae, lief, leed 10
Voogdelys 11



# OORDENKING



## God se liefdesgawe

**Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe. (2 Kor. 9:15)**

Christusfees! Liefdesfees! Geseënde Christusfees vir jou en jou dierbares. Mag Hy vandag weer in jou hart gebore word.

Jy ken seker die gevoel van begin soek na ‘n geskenk vir ‘n geliefde of ’n vriend en dan telkens te vind dat die prys ver bokant dit is wat jy kan bekostig. As die gesin dan iets vir dié spesiale persoon koop, voel jy dat dit ‘n swak plaasvervanger is daarvan wat jy eintlik gesoek het. Jy bied dalk selfs vir die ontvanger verskoning aan. Die ontvanger is dalk egter baie bly oor die geskenk - miskien meer as wat hy sou wees oor dit wat jy aanvanklik wou gee.

God se gawe, so sê die Bybel, is onuitspreeklik! Wie sal dit waag om ’n prys op die lewe van ’n mens te plaas? Dis tog so ironies dat Judas die kerklike owerhede ooreengekom het om dit op 30 silwerstukke vas te stel. Nogtans het ’n arm vrou haar spaargeld gebruik en die waarde gelyk aan ’n jaar se loon betaal om ’n fles nardusolie te koop om Jesus se voete te salf.
Só groot is God se liefde vir jou, dat Hy die gawe van Jesus Christus op jou uitgestort het: ’n geskenk waarvan die waarde nie bereken kan word nie en daarom “onuitspreeklik” is. Hy het dit gedoen, nie om jou te koop nie, maar om jou te verlos.

Sommige geskenke verryk die ontvanger daarvan. Dit gee aan hulle middele om ’n heel nuwe taak aan te pak; insig vir ’n besondere veld van kennis; of ’n nuwe bewussyn van hoe kosbaar hulle is. God se geskenk sê vir jou dat jy die mees geliefde mens in die ganse heelal. Dit is die boodskap van Christusfees!

**Meer as oorwinnaars - Solly Ozrovech**

Breër verband

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne ’n Christelike konteks, ’n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.*

SAWA KIEPERSOL

## Streekbestuur 2014-2015

**Voorsitter:** André Baker (083 409 3709) andrebaker31@gmail.com

**Ondervoorsitter:** Dewald van Biljon (083 709 9936) dewaldvbilj@gmail.com

**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Senior burgers:** Frieda Burger (082 894 7852) frieda.burger@vodamail.co.za

**Redakteur:** Elma Bronkhorst (082 469 3559) elma.bronkhorst1956@gmail.com

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

# Die Voorsitter sê: Terugblik op 2014

**André Baker**



Waar gaan die jaar heen? Ons is al weer aan die einde van 2014 en dit voel soos gister wat ons Kersfees 2013 gevier het. Dit was voorwaar 'n besige jaar. Tog het ons heerlik gekamp. Vir Kiepersol was dit weereens 'n jaar vol vreugdes, hartseer en pyn. Daar is met groot vreugde nuwe lewens in ons midde ontvang kinders, kleinkinders en agterkleinkinders. Dan is daar die wat ons gaan mis maar nie sal vergeet al is hul plekkie leeg. Baie dankie aan ons lede vir julle omgee en ondersteuning aan lede wat voor die deur van pyn, hartseer en siekte gestaan het.

As ons so oor die jaar terug kyk het Kiepersol ook hoogtepunte gehad. Die mandjie dans was 'n groot sukses. Van ons lede is vereer by die kongres waar op ons baie trots is. Baie geluk aan elkeen vir julle mooi prestasies.

Dan was daar die senior burger toer na die Drakensberge onder leiding van ons uitgetrede senior burger verteenwoordiger, wat 'n groot sukses was en wat 'n heerlike geleentheid was vir almal wat dit kon meemaak. As ons net na al die foto's kyk en al die staaltjies luister wat gebeur het dan is die wat nie daar was groen en moet ons dalk weer 'n groot toer beplan.

Baie dankie aan al ons lede wat met groot entoesiasme ons kampe bygewoon het en die saam wees net soveel meer lekker gemaak het. Dankie vir die wat altyd sonder vra, hulp aanbied by funksies ens. Ek en die bestuurslede waardeer dit opreg.

Soos julle weet was dit weereens vir my 'n baie moeilike en besige jaar en vra ek verskoning dat ek en Griet nie altyd kampe kon bywoon nie. Ek wil graag my bestuurspan bedank vie al die harde werk, dit gaan nie ongesiens verby nie. Baie dankie aan elkeen en in besonder Ina vir al jou ondersteuning tydens my afwesigheid.

Ek glo vas dat ons 'n wonderlike nuwe jaar sal beleef en dat ons baie lekker sal kamp.

Aan almal wat met vakansie gaan, mag julle uitgerus en veilig terugkeer.

Graag wens ek en my gesin elke Kiepersol lid 'n Geseënde Christusfees en Voorspoedige Nuwejaar toe.

Graag sluit ek met die volgende gedig af:

Is daar 'n beter tyd of seisoen,
'n Groter geleentheid om met God te versoen

Om in aanbidding ons oë te rig
Op ons God, die skepper van Aarde en Lug?

En O wat 'n voorreg, wyl dit nuwe jaar is
Om God te vra on ons sonde uit te wis!

En ek weet dat as ons sy geloftes aanvaar,
Ons hernu in ons gees kan begin met die nuwe jaar

Wyl daar vreugde alom is en vrede so soet,
Laat ons, ons Verlosser in gebed ontmoet.

Kersgroete

**Die Redakteur sê:**

## Kersgroete

**Elma Bronkhorst**



Kiepersollers,

2014 lê op sy rug en nog 'n jaar het verbygevlieg.

Elke jaar is 'n besondere belewenis waartydens ons soveel seëninge uit ons Skepper se hand ontvang in tye van swaarkry en in lekker tye.

Ek sluit die jaar af met die volgende gedagte van Agnes M Pharo.

Wat is Kersfees?
Dit is **deernis** vir die verlede, **moed** vir die hede en **hoop** vir die toekoms. Dit is n brandende **wens** dat elke beker sal oorloop met **ryk en ewige seëninge** en dat elke pad na **vrede** sal lei.

Tot ons weer gesels,
Elma.

# Saamtrek datums

**Saamtrekke vir 2015.**

30 Jan - 01 Feb - Klein Paradys - Nylstroom

06 - 08 Feb - Oop NUB - Koppisol

21 - 23 Feb - Hartbeespoort Holiday Resort

20 - 22 Mar - Silver Rocks

02 - 06 Apr - Presidente - Klipdraai

30 Apr - 3 Mei - 4 x 4 Naweek

22 - 24 Mei - Marula - Bela Bela

20 - 22 Jun - Weesgerus

25 - 27 Jul - Manyane - Bosveld

14 - 16 Aug - AJV - Klein Paradys - Brits

25 - 27 Sep - Nasionale Saamtrek

02 - 04 Okt - 4x4 Saamtrek

16 - 18 Okt - Kongres - Buffelspoort

30 Okt - 1 Nov - Buffelspoort

28 - 30 Nov - Diamanté

**NB - Die jaarprogram is foutief wat 'n saamtrek te Krugersdorp Wildtuin aandui tydens die naweek van 27 Februarie tot 01 Maart 2015**





# Lekker Kampnuus



## Diamanté - 14 - 16 November 2014

**Willie Bronkhorst**

Ina en Elma het so half nege die oggend die woonwa uitgesleep na Diamanté. Hulle het 'n bietjie gesukkel om die "Exclusive" tussen die bome deur te kry en te maak staan. So teen 12 uur het Alet en Johann Lemmer opgedaag. Die res van die 11 woonwaens wat kom kamp het, het deur die dag opgedaag en teen half sewe was almal daar.

Die Vrydagaand het ons eers boekevat en daarna sop en sjerrie geeët en verder gekuier.

Saterdagoggend het dit begin reën en Jannie het naderhand vir ons "eier muffins" in hul oond gemaak vir ontbyt. Later het Ina vir ons pannekoek deeg aangemaak en Jannie en Willie het pannekoek gebak. Die klomp het lekker pannekoek geeët. Die reën het naderhand 'n bietjie op gehou. Willie kon darem die middag laat begin met die potjiekos en ons het sommer gou boekevat gehou voor dit weer begin reën het. Hulle het soos blits die twee potte onder dak gekry. Ons het darem later kans gekry om potjiekos en rys te eet en daar was ook roomys met Bar-One sous vir nagereg. Verder het ons maar weer lekker gekuier.

Sondagoggend het die son geskyn. Riaan Steenkamp het die diens gehou en direk daar na het ons afsluiting gehou en saam tee gedrink. 'n Paar ouens het vroeg opgepak maar Jannie, Dewald, Riaan en ons het eers gebraai en toe het ons opgepak.

Wat ''n lekker naweek, ongeag die reën en rooi modder.



# Jakaranda 4 x 4
# Afri - Sun - 28 - 30 November 2014

**Willem Nordejé**

Vyf woonwaens en negentien lede het die kamp bygewoon. Wapadrand, Rietvallei en Kiepersol was verteenwoordig.

Die kamp terrein is basies maar dog goed versorg. Die kamp maak van interne bronne gebruik en badkamer water word warm gemaak met behulp van 'n donkie. Elektrisiteit word opgewek met sonpanele en 'n diesel generator.


Vrydagaand was almal bederf met biltong pot. Saterdag het al ses 4x4 voertuie die berg aangedurf en die natuur was onbeskryflik mooi. Ons het ook die geleentheid gehad om 'n kinetiese tou in aksie te sien. Middagete was bo in die berg met 'n uitsig oor die Mooinooi valley. Saterdagaand was almal bederf met braai vleis en rolly polly.

Sondagoggend het ons na die kerkdiens saam met Streek Wesrand oor die radio geluister.
Met die dreigende weer, het almal vroeg kamp opgeslaan en huis toe gegaan.











Seniors

## Frieda Burger

Baie dankie aan almal wat ons kuier by Shelanti by gewoon het. Dit het nou weer gewys dat Sawanante sommer lekker kan kuier maak nie saak hoe en waar nie.

Mag almal 'n Vreugdevolle Kerstyd ervaar met voorspoed en geluk vir 2015. Ek hoop ons kan nog baie saamtrekke saam kamp en kuier. Onthou ons eerste saamtrek laaste naweek in Januarie by Klein Paradys, Bela Bela.

Dink asseblief aan ons Seniors wat nie gesond is nie.

# Derde Drakensberge toer Kiepersol Streek

25 Oktober - 09 November 2014

**Frank en Hettie Smith**

Die toerlede het mekaar op Saterdag 25 Oktober 2014 om 09:00 by die Total vulstasie tussen Alberton en Heidelberg ontmoet. Die toer het bestaan uit 14 woonwaens en 29 toerlede. Twee-en-twintig toerlede is lid van Sawa, terwyl twee gesinne vriende van Sawa lede was. Daarbenewens het 'n Algerynse vriend van Jannie van den Berg ook die toer meegemaak.

Weens die stywe toerprogram aan die begin moes ons Saterdag, 25 Oktober deurdruk na Midmar dam buite Howick. Op Sondag, 26 Oktober was die gedagte om by die Karkloof waterval in die Karkloof vallei digby Howick te gaan braai. Die reënweer het egter 'n stokkie daarvoor gesteek, tewens reën en mis is maar altyd probleme wanneer die Drakensberg en die Middellande van KwaZulu-Natal besoek word. Wanneer daar sonskyn die dag is, moet die beste daarvan gemaak word. Asem is opgehou dat die reënweer sou opklaar sodat ons die Sani pas kon gaan uitry, een van die redes waarom ons by Midmar dam gaan kamp het.

'n Sonnige Maandagoggend, 27 Oktober breek aan en 22 van die toerlede pak die reis na Sani pas oor

# Foto Album - Diamanté



'n Paar van die woonwaens met die netjiese ablusie gebou in die agtergrond



Jannie en Willie bak pannekoek. Helmien stooi suiker op die pannekoek



Dewald verlei die Njalabul met 'n stuk brood



Die vrouens was dorp toe. Kyk die modder aan die wiele



Sondagoggend se erediens



Sondagoggend se erediens



Bets & Martiens Joubert saam met Dewald van Biljon
200 Algemene & 100 Streek Saamtrekke



Kampkommandante
Rigard Lemmer, Elma Bronkhorst, Dewald van Biljon & Ina vd Berg



Bertus & Annatjie Vogus saam met Dewald van Biljon
Ontvang Ere-Lidmaatskap toekenning



Ons ouma in wording ontvang hekel lesse



Marnet & Riaan Steenkamp ons nuwe lede



Riaan neem die diens waar



Na 'n harde donderslag - wat het hier gebeur?

# Foto Album - Senior Burger Teedrink byeenkoms


Frieda verwelkom die Senior Burgers


Martie vd Merwe, Tannie Leetie Leach en Frieda Burger kuier gesellig saam


Kiepersol se Senior Burgers kuier gesellig saam

# Foto Album - Afri-Sun 4x4 Saamtrek


Van die woonwaens by die saamtrek


Saredagoggend—boekevat voordat ons die roete aandurf


Jaco de Jongh beur deur die eerste hindernis. Dit is ook 'n eerste vir hom met sy eie voertuig


Ons braai 'n worsie bo in die berg


Ons ontspan heerlik voordat die terugtog begin


Willem ry versigtig deur een van die hindernisse

# Foto Album - Derde Drakensberge toer


Toergroep op die kruin van Sani pas by die hoogste kroeg-eetplek in Afrika


Willy, Jannie, Lenie en Yahiaoui maak jafels


Afsluiting van die toer: Ina, Frank en Hettie (toerleiers) en Jannie van den Berg (agterryer in die konvooi)

Underberg aan. Ons vorder vinnig en daag vinniger by die grenspos op as wat ons verwag het. Die ander toerlede het in die tussentyd besienswaardighede op die ou Johannesburg-Durban pad tussen Howick en Fort Nottingham besoek. Van die toerlede het selfs die gedenkteken gevind waar die eerste sweefvliegtuig in die wêreld gevlieg het toe die Wright broers nog op skool was. Dinsdag, 28 Oktober is soortgelyke besoeke onderneem. Daardie aand is daar opgepak aangesien ons die volgende dag Woensdag, 29 Oktober vroeg na Mountain Splendour woonwapark in die Cathkin piek gebied sou vertrek.

Een van die redes vir die besoek aan Mountain Splendour woonwapark was dat sommige toerlede die laaste konsert van die Drakensbergse Seunskoor wou bywoon wat op Woensdag, 29 Oktober gehou sou word. Sedertdien het die Koor besluit om ook 'n Kersprogram later aan te bied. Dit was die rede waarom ons vroeg van Midmar dam moes vertrek.
Benewens die Drakensbergse Seunskoor wou van die toerlede ook die roofvoël vertoning by Falcon Ridge bywoon. Die Sentrum bied roofvoël vertonings elke dag behalwe Maandae en Vrydae aan indien die weer dit sou toelaat. Ons was gelukkig om op Donderdag, 30 Oktober helder sonskynweer te ervaar en kon die vertoning geskied. Vir die vertoning word warm opwaartse lugstrome benodig. Net so wel want op Saterdag, 01 November het die Drakensberg weer gewys wie is baas aangesien dit 'n bewolkte en ongure dag was en geen vertoning moontlik was nie.

Voor ons op Sondag, 02 November na die ATKV Drakensville oord vertrek het, het Pieter du Preez van Mountain Splendour, wat opgelei is as evangelis die kerkdiens gelei. Ons het onder kitaarbegeleiding deur hom heerlik gesing. Daarna het ons na Drakensville vertrek.

In die omgewing van Drakensville is daar heelwat plekke om te besoek. Daar is ondermeer besoeke aan die Amfiteater in die Koninklike Nasionale Park, die Retief rots, Retief pas, die Kaalvoetvrou,
Cathedral piek gebied en die Spioenkop slagveld gebring. Een van die hoogtepunte was sekerlik die besoek aan die Hidro-elektriese Waterskema en kragstasie op die grens tussen KwaZulu-Natal en die Vrystaat. Met 'n puik gids soos Elias is baie van ons vrae beantwoord.

Te gou breek Sondag, 9 November aan en het die grootste deel van die groep huiswaarts gekeer nadat drie egpare weens persoonlike redes eerder moes vertrek. Dis nie lekker om alleen agtergelaat te word en jou toer maats te sien vertrek nie.

Aangesien ek en Hettie tans geen huis het nie het ons maar besluit om nog twee weke by Drakensville oor te staan. Die lewe is maar ook nie aldag maklik nie, of hoe?

Sekerlik een van die hoogte punte van die toer was toe die weer opgeklaar het en ons ongeveer 70% van die Tugela waterval wat oor die basaltwand van die Amfiteater stort vanaf Drakensville woonwapark kon sien. In al ons besoeke aan die Berg is dit die eerste keer wat ons die val so duidelik en van so 'n groot afstand kon sien. Hierdie is die tweede hoogste waterval ter wêreld na die Angel Falls in Venezuela, Suid-Amerika. Dit is 'n gesig wat nog baie min besoekers aan die Berg beskore was.

'n Ander hoogte punt was ons besoek aan die hidro-elektriese kragstasie op die grens tussen KwaZulu-Natal en die Vrystaat. Wanneer bykomstige elektriese krag gedurende spitstye benodig word, word water vanuit die Driekloof dam in die Vrystaat deur pypleidings teen die Berg af vrygelaat en die vrygelate water dryf dan turbines teen 50 kubieke meter per sekonde aan om elektriese krag op te wek. Gedurende 'n verlaagde aanvraag na elektriese krag word die turbines in waterpompe omgeskakel en pomp dan die water weer teen die Berg uit terug na die Driekloof dam.

Op pad na die Retief pas en die Kaalvoetvrou het toerlede sekerlik die breë ongebruikte kanaal langs die pad opgemerk. Voor die koms van die hidro-elektriese kragstasie het die voormalige Departement van Waterwese en Bosbou die kanaal gebruik as middel om die water oor die Berg na die Driekloof- en Sterkfonteindam te pomp. 'n Amptenaar van Eskom het egter aan Waterwese voorgestel dat hulle die water goedkoper oor die Berg sou kon pomp deur die water ook te gebruik om elektriese krag op te wek. So gesê so gedaan en nog steeds word twee vlieë met een klap doodgeslaan tot die voordeel van beide instellings en die land.

Sawa en toer groete.

## Sawa Tieners

### Kersversiering - Wasgoedpennetjie Takbok

Wat het jy nodig:

- Wasgoedpennetjies
- Tandestokkies
- Felt of materiaal
- Pypskoonmakers
- Gom/Kouelym
- Koki pen
- Pompoms
- Gare
- Skêr
- Klein klokkie

So maak mens:

- Haal draad veertjie uit & gom die twee kante aan mekaar
- Ryg gare der die klokkie
- Sny 3 saalsakke van verskillende grotes en plak opmekaar
- Gom tandestokkies weerskante van twee pennetjies
- Plak saalsak oor die lyf gedeelte
- Gom kop aan voorkant





ALMA haarsalon

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

MARÈ
**Naeltegnikus**
**Pedicures & Manicures**

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**084 407 7398**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die Pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***

## Desember

2 - Tail Pieterse
12 - Johanna van Biljon
12 - Manie Brits
12 - Anna Henning
20 - Mike du Preez
20 - Andries Claassens
20 - Willem Nordejé
21 - Quinton Prinsloo
22 - Martiens de Swardt
25 - Chris Joubert
26 - Elma Bronkhorst
27 - Alet Lemmer
30 - Hennie Ferreira



## Januarie

6 - Marie Marx
7 - Leonard Lemmer
13 - Bea Groenewald
16 - Stean van den Berg
16 - Chris Adendorff
17 - Johan van Huyssteen
18 - Wanda Blignaut
19 - Bennie Oosthuizen
28 - Celeste Botha
27 - Helena Oosthuizen
29 - Willem Pretorius



## Februarie

6 - Eugenie Prinsloo
21 - Jo de Villiers
21 - Fanie Marx
25 - Poen Venter
26 - Alida Jordaan
27 - Litia Joubert

# Lief en Leed



## Lief

Frieda Burger se kleinseun, Wian Burger het 'n goue medalje in die gemengde pare SA gimnastiek kompetisie gekry.

Martiens en Bets Joubert se kleinseun het O/16 Blou Bul rugby gekry. Kleindogter en die jongste kleinseun het baie toekennings gekry met Meriete aand. Baie geluk.

Jannie en Ina van den Berg en Fanie en Marie Marx se kleinseun, Janus van den Berg is gekies as hoofseun vir 2015. Baie geluk.

Louis en Madelein van den Berg baie geluk met jul seun wat as hoofseun gekies is vir 2015.

## Leed

Willie Lubbinge word geopereer. Baie sterkte.

Pierre de Villiers se broer is ernstig siek.

Seef Delport gaan vir 'n knievervanging. Baie sterkte.

Magdanell Botha is oorlede. Theuns en familie ons dink aan julle.

**"Ek is by julle"**

*'.... Ek is julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

*Matteus 28:20*

Onthou die Here. Onthou, Hy is in beheer. Dink aan die verlede: hoe goed was Hy vir jou! Onthou, Hy is nou hier reg by jou. En moenie vergeet nie, Hy het al die krag wat jy in die toekom kan nodig kry.

# Voogdelys



**André Baker**
H 012 654 6127 S 083 409 3709
bakera@netactive.co.za

Con Arnold, Willem Blignaut, Thys Botha, Theuns Botha, Manie Brits, Andries Claassens, Pierre de la Harpe, Martiens de Swardt, Pierre de Villiers.

**Dewald van Biljon**
H 012 661 6015 S 083 709 9936 dewaldvbilj@gmail.com

Seef Delport, Mike du Preez, Hennie Ferreira, Andre Groenewald, Pieter Hanekom, Jan Hartzer, Jerome Henning, Guillaume Jordaan, Chris Joubert.

**Rigard Lemmer**
H 012 543 2411 S 082 786 9928 rigard.lemmer@treasury.gov.za

Martiens Joubert, Charlie King, Kokkie Kok, Paul Kruger, Lettie Leach, Leonard Lemmer, Johann Lemmer, Thea Lewis

**Ina van den Berg**
H 012 661 9501 S 081 270 8267 jannie.ina@gmail.com

Hennie Lombard, Willie Lubbinge, Johan Luus, Stef Maritz, Fanie Marx Jnr, Fanie Marx, Willie Olivier, Bennie Oosthuizen, Riaan Steenkamp.
.

**Frieda Burger**
H 012 654 3453 S 082 894 7852 frieda.burger@vodamail.co.za

Alma Pieterse, Willem Pretorius, Quintin Prinsloo, Gert Rall, Frank Smith, Pieter van Biljon, Wouter van Biljon, Louis van den berg, Martie van der Merwe, Whitey van Heerden

**Elma Bronkhorst**
S 082 469 3559 elma.bronkhorst1956@gmail,com

Chris Ardenhoff, Willem Nordejé, Johan van Huyssteen, Poen Venter, Jan Venter, Hennak Visser, Bertus Voges, Charl Vorster, Melvyn Wessels, Pat Whelan, Enrico Zietsman.

CAMPWORLD

# Loftus Caravan City

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!






***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks bagasiesleepwaens. *Groot uistalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS | Gypsey Distinctly different | Sprite LIGHT YEARS AHEAD | JURGENS SAFARI | HOWLING MOON | VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg h/v Rabiestraat, Fonteinbleau, Randburg.**
**Tel: (011) 792-1456 Fax: (011)793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**
**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**